30 Augustus 2022

Familienuus 422

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

"Hier is ons! Stuur ons!"

Waarheen? Na wie toe? Om wat dáár te gaan maak?

Hierdie is die strategiese vrae wat ons as gemeentes in hierdie dae moet vra. Ons weet ons moet die Evangelie van Jesus Christus in sy volheid met die wêreld, met mense, deel. Die *Bybel-boodskap* oor God wat die mense van die wêreld liefhet, wat met elkeen se lewe 'n plan het, wat in die lewens van mense kom intree het deur sy Seun te gee, wat sy koninkryk bou – en ons deel hiervan maak – praat op 'n diep vlak met ons elkeen. Die *mensdom-boodskap* oor nood, armoede, hooploosheid en honger raak ons óók diep.

Mag die nuwe lewe in die natuur, die groei en die blomme ons weer inspireer om opnuut na te dink oor wáár ons moet wees – en wat ons moet doen.

GEMEENTES EN LERAARS

Ds (emeritus) PJJ Venter is oorlede op 2 April 2022. Hy was van 1986 – 1995 by Skuilkrans in Oostelike Sinode.

Ds (emeritus) Christie Smit kry hierdie week 'n hart-prosedure na 'n hartaanval verlede week.

Lux Mundi adverteer 'n pos vir 'n Gemeentebestuurder. Meer inligting by erediens@luxmundi.org.za

ONS EKOLOGIE-SPAN IS BAIE BESIG: DIS KAMPTYD!

GRAAD 7 LEERDERS: Die Projekspan vir Ekologie reël 'n **Eko7-Kamp** vir **Graad 7 leerders** wat vanaf **2 tot 5 Oktober by Genesaret Kampterrein naby Chrissiesmeer** plaasvind. *Hierdie kamp is bedoel om kinders bewus te maak van die natuur, 'n liefde daarvoor aan te kweek en saam te leer wat ons kan doen om die aarde wat die Here vir ons gegee het, te bewaar.* Die koste vir die kamp is R400-00. Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za 012 804 9543. Die sluitingsdatum is **21 September 2022**. Lees hier meer.

GRAAD 5 en 6 LEERDERS: Die Projekspan vir Ekologie reël weer 'n **Ekofaktorkamp** vir alle graad 5 en 6-leerders vanaf 2 tot 5 Oktober 2022. Die kamp word soos gedurende 2019, weer by **Bergenrivier** (tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank) gehou. Vanjaar se kamptema: *Noudat ek groot genoeg is om 'n natuurbewaarder te wees ... Ons gaan by die voëls leer hoe ons só kan leef dat daar vir almal en alles genoeg is om op aarde te kan lewe.*
Die koste is **R400-00.** Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Die sluitingsdatum is **21 September.** Lees hier meer.

MOSAMBIEK

Die **Mosambiek Projekspan** reël 'n Novo byeenkoms / Hefsiba Kweekskool geleentheid op 22 September om 09:00 – 13:00 by die NG Gemeente Skuilkrans.
Die doel van die saamkuier is tweeledig:

1. 09:30 - 11:00 - Om te praat oor kort termyn uitreik na Mosambiek. Hoe ons kan hande vat en mekaar kan help.
2. 11:00 - 12:00 - Besoek deur dr Kruger du Preez, dr Manasse Matiquele (Rektor) en ds Mario Liquissone (Akademiese Direkteur) van HEFSIBA ICHO in Vila Ulongue. Hulle noem die besoek 'n "Friends raising" besoek.

Ons wil 'n beroep doen op al ons vennote om asseblief moeite te doen om hierdie geleentheid by te woon. Laat weet ons asseblief indien u Sondag 25 September een van die predikante 'n geleentheid wil gee om by u gemeente te bedien.
Antwoord asseblief **vóór of op 12 September** by Tersia Petzer / ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543
Vir meer inligting kontak asseblief vir Victor Cloete by victor.cloete@moreleta.co.za / 083 578 5684

CMR GAUTENG-OOS

'n Laaste woord oor Vrouemaand 2022...

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Daar is reeds inligting beskikbaar oor die erskillende sessies tydens die aanlyn-**Lentekonferensie.**
Ons heg die brosjure hierby aan.

Uit die Beek verskyn nog steeds! Hier is inligting oor 2023 se weergawe.

UIT ONS SINODEHUIS

Ringe wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 19 September verjaar.

PREDIKANTE

1 September - Gerrie Bodenstein, Skuilkrans
7 September - Dewet Marais, Phalaborwa
8 September - Marius Smit, Breyten
9 September - Anru Liebenberg, Nelspruit
10 September - Louis Cloete, Basileia
12 September – Ruan J van Rensburg, Marble Hall
14 September - Karel Verhoef, Pierre van Ryneveld
17 September - Willem Boshoff, Skuilkrans

EMERITI

2 September - Hennie Yzelle, Kerksondermure 2017
7 September - Piet Meiring, Skuilkrans 2007
13 September - Pieter Dorey, Kampersrus 2021

GEMEENTES

1 September - Krielpark (47)
10 September - Blinkpan (59)
10 September - Morgenzon (110)
10 September - Witbank (103)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.